# Die kerk in 'n nuwe konteks

J.M. Vorster
Dept. Ekklesiologie & Dogmatologie
Hammanskraalse Teologiese Skool/PU vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*In 1953 the well-known church historian, Latourette, was very optimistic about the twentieth century's situation of Christianity. He described modern Christianity as a potent force in the contemporary world. But what are the future prospects of Christianity, especially in view of the current apparent decline of the influence of the church, virtually in all the major ecclesiological traditions? Will Latourette's arguments still be valid in the next two decades?*

*This article investigates the present ecclesiastical situation in the broader context of Christianity in order to ascertain whether the church can maintain the historical momentum of Christianity. The concept of secularization is considered as a factor contributing to the present decline of the church. Attention is also paid to the possibility that the church is at present determined not so much by secularization but by an intensive ecclesiological paradigmatic shift. This shift does not necessarily imply a revolt of modern man against the church, but definitely creates new expectations of the church. The article then follows the line of this argument and concludes that a revival of Christianity in future will depend on church-renewal today.*

## 1. Inleiding

Wanneer die Christendom histories en empiries beoordeel word, moet dit beskrywe word as die kragtigste stroming wat die wêreld nog geken het. Tot hierdie konklusie kom Latourette (1953:xiii) na sy bekende deeglike navorsing van die geskiedenis van die Christendom. Hy toon aan dat die Christendom geografies wyer versprei is en onder meer volke gevestig is as enige ander godsdiens of ideologie. Meer as enige ander godsdiens het die Christendom vervolging weerstaan, politieke magsryke oorleef en kulture en subkulture oorbrug. Daar was tye van stagnasie en resessie, maar telkens het die Christendom met nuwe aksente weer daarna opgebloei (Latourette, 1953:269 en 689). Hoewel Latourette hierdie uitspraak in 1953 gemaak het, geld sy argumente ter ondersteuning daarvan vandag nog.

In die ontwikkeling van die Christendom het die kerk 'n sentrale rol gespeel. Christendom en kerklike aktiwiteite het grotendeels hand aan hand geloop met die Christendom as die kultuurhistoriese gevolg van die werk van die kerk (Cairns, 1982:20). Deur amptelike kerklike sendingwerk, besluite van konsilies op sinodes, die opstel van belydenisse en simbole en die spontane getuienis van gelowiges het die Christendom as bestaanswyse van mense ontstaan, en die omvang bereik soos deur Latourette beskryf word.

Maar hoe lyk die toekoms van die Christendom? Met die wisseling van die twintigste eeu voor hande kyk ekklesioloë tans weer aandagtig na die rol en betekenis van die kerk binne die groter perspektief van die toekoms van die Christendom. Hierdie wyer perspektief is noodsaaklik, want op grond van kerkhistoriese realiteite kan met reg gesê word dat die Christendom van die eerste helfte van die een en twintigste eeu, ingrypend bepaal gaan word deur die funksionering van die kerk in die laaste dekades van die twintigste eeu. Wie dus oor die toekoms van die Christendom wil dink, moet eers fokus op die kerk in die teenswoordige wêreldmilieu (Küng, 1992:15).

In hierdie artikel word daarom besondere aandag gegee aan die sigbare rol en betekenis van die kerk in 'n veranderende milieu, en op die vernaamste tendense wat merkbaar is in die kerklike funksionering vandag. Die effektiwiteit, invloed en reikwydte van die kerk word in oënskou geneem, asook die historiese kragte wat tans daarop ingryp. Ten slotte word 'n perspektief gegee op wat in die volgende jare moontlik van die kerk verwag kan word om die historiese momentum van die Christendom te behou en moontlik te versterk.

In die oorweging van hierdie tendens en verwagtinge word vanuit die breër konteks toegespits op die Christendom in Suid-Afrika, want die Christendom in Suid-Afrika is deel van hierdie groter konteks. Wat hom afspeel op die makrovlak van die internasionale Christendom en kerk, laat sy merk op elke kleiner geografiese onderdeel. Die toekoms van die Christendom in Suid-Afrika moet dus ook gepeil word binne die raamwerk van die toekoms van die Christendom in sy wêreldwye gestalte.

## 2. Fokus op die kerk

Oor die algemeen word die teenswoordige effektiwiteit van die kerk negatief bejeën. Die effektiwiteit word gemeet aan die betrokkenheid van mense by die kerklike instituut en die sigbare rol wat die kerk vervul in die moderne samelewing. In albei gevalle word 'n dalende lyn bespeur. Daar word selfs gepraat van 'n "krisis" van die kerk (Bosch, 1979:183). Die krisis word beskryf binne die ekstreme uiterste van 'n "voortbestaanskrisis" tot 'n meer gematigde oortuiging dat dit net 'n "bestaanskrisis" is (Potgieter, 1988:60). Die standpunt dat die kerk in 'n krisis verkeer, word nie net gevind in sekere lande, wêrelddele

of teologiese tradisies nie. Die oortuiging leef in die Ontwikkelde Wêreld en Derde Wêreld, binne Rooms-Katolieke en Protestantse kringe en binne die sogenaamde 'hoofstroom' gevestigde kerke en kleinere godsdienstige bewegings.

Die kerk in Suid-Afrika as deel van die groter kerklike konteks word ook so bejeën (Froise, 1992:IX). Om die krisis net te beperk tot een wêrelddeel of kerklike tradisie is 'n oorvereenvoudiging van die probleem. Hierdie stelling word bewys deur die volgende oorsig van die standpunte oor die effektiwiteit van die kerk wat die afgelope dekades binne die groot ekklesiologiese tradisies die lig gesien het.

## 2.1 Die Lutherse tradisie

In die Lutherse tradisie het die kerk sedert die reformasie van Luther 'n skouspelagtige groei in invloed en gesag getoon. Die geskiedenis van 'n groot deel van Europa is hierdeur wesentlik beïnvloed. Vloemans (1954:168) wys daarop dat die Lutheranisme analfabetisme verdryf het en sodoende 'n dinamiese invloed op die Europese kultuur uitgeoefen het. In hierdie proses was die Lutherse kerk direk betrokke. Luther se stem het in die hele Christendom weerklank gevind (Lindeboom, 1961:209).

Die dinamiese krag van die Lutherse kerk in Europa het in die twintigste eeu egter drasties verflou. Moltmann (1967:305) het in die sestigerjare reeds gesê dat die kerk hom nie meer as die spil van die samelewing kan identifiseer nie. Die opkoms van die industriële wêreld het die verhouding tussen *ekklesia* en *societas* versteur. Die kerk het sy rol as "inner principle of life of the society" (Moltmann, 1967:307) verloor. By dit wat Moltmann gesê het, moet ook in gedagte gehou word dat die Tweede Wêreldoorlog en die simpatie van sommige Lutherane onder leiding van Krause met die Nasionaal-sosialisme die kerk in 'n geloofwaardigheidskrisis gedompel het (Praamsma, 1981:145). Die nodigheid van die kerklike instituut vir geloof is algaande bevraagteken en die aanvaarding van die verskynsel van 'onkerklike Christene' het toegeneem en is selfs teologies verdedig (Sölle, 1967:117). Binne die Lutheranisme het die kerk, wat eens die kragbron van die Christelike kultuur was, dus invloed ingeboet en gesag verloor en dit het die Lutherse kerke genoop om die effek van die verskuiwing deur hegter wêreldwye ekumeniese samewerking die hoof te probeer bied (Nordstokke, 1992:479).

## 2.2 Die Rooms-Katolieke tradisie

Dieselfde tendens is duidelik merkbaar in die Rooms-Katolieke tradisie. Die Rooms-Katolieke kerk het deur die eeue heen deur fases van stagnasie en dinamiek beweeg. Die Christendom in Europa is daardeur wesentlik beïnvloed. Die ontwikkeling van die moderne wêreld het egter die Rooms-Katolieke kerk onder

groot druk geplaas. 'n Kerk met ou vorme en 'n lang tradisie moes hom in 'n veranderende wêreld handhaaf en dit het die deurlopende tema van die Rooms-Katolieke ekklesiologie geword. Hiervan getuig die besondere belangstelling van die tweede Vatikaanse Konsilie (1962-1965) in die missionêre roeping van die kerk soos blyk uit die dokument "Dogmatic Constitution on the Church" waarin naas die eenheid van die kerk besondere nadruk gelê word op die missionêre roeping van die kerk (Vatican Council II, 1982). Bosch (1979:184) toon aan dat die Rooms-Katolieke kerk met hierdie beskouing wegbeweeg het van 'n institutêre verstaan van die kerk en meer op die missionêre karakter klem gelê het. Die belangstelling het beweeg van die spirituele na die wêreld, en veral na die politiek. Verskeie Rooms-Katolieke teoloë het groot bydraes gelewer tot die politieke teologie van die laaste dekades soos Fierro (1977:182) duidelik aantoon. Conzales (1985:359) sê dat die Rooms-Katolieke kerk na eeue van konfrontasie met die wêreld homself oopgemaak het vir dialoog met die wêreld. Binne hierdie tradisie weerspieël die dialoog met die wêreld 'n groot ekklesiologiese verskuiwing.

Daar het ook 'n ander dinamiese verskuiwing plaasgevind. Die Roomse godsdienssosioloog Schreuder (1969:35) bewys met behulp van die godsdiens-sosiologiese teorieë van Weber en Troeltsch dat die Rooms-Katolieke kerk met sy tradisionele manifestasie as volkskerk met "rituele godsdienstigheid" 'n besliste funksieverlies ondergaan het. Die Rooms-Katolieke kerk se politieke gesag het gekwyn en sy pastorale en opvoedkundige invloed het as gevolg van mededinging met moderne sosiale instellings en sosiale wetenskappe baie invloed ingeboet. Rooms-Katolieke Christene is al hoe meer van oortuiging dat hulle geloof en godsdiens nie meer die kerklike instituut nodig het nie. Runia (1978:13) verwys na 'n ondersoek wat oor die veranderinge binne die Rooms-Katolieke kerk in Europa oor die periode 1963-1975 gedoen is. In 1963 het 71% van die Rooms-Katolieke die mis bygewoon. Hierdie persentasie het in 1975 verminder na 50%. Ook die persentasie Christene in hierdie kring wat glo dat Christus die leiding van die kerk aan die Pous oorgegee het, het verminder van 70% in 1963 na 42% in 1975. Die Rooms-Katolieke kerk as instituut het toenemend sy 'greep' op die denke en lewe van mense verloor.

## 2.3 Die gereformeerde tradisie

Die verskuiwing wat op 'n wye vlak binne die invloedryke Roomse en Lutherse tradisies plaasgevind het, het hulle ook binne ander kleiner tradisies voltrek. Ten opsigte van die gereformeerde tradisie het die Nederlandse sosioloog Dekker (1971:5) reeds in 1971 bewys dat deelname aan die kerklike lewe al hoe minder word, en in elk geval 'sterk van karakter verander'. Hy het tot die konklusie gekom dat die kerk nog maar van beperkte betekenis is in die samelewing, die kerk is sosiologies gesien, slegs een van vele instellings wat invloed uitoefen op die lewe. Vir die moderne mens bestryk die aktiwiteite van die kerk nie meer al

die terreine van sy lewe nie en neem dit dus vir hom nie meer 'n dominerende posisie in nie. Meer en meer gelowiges in hierdie kringe ondervind toenemend probleme met 'tydlose' waarhede wat vir elkeen in elke situasie dieselfde betekenis het (Runia, 1978:16) – hulle wil eerder in dialoog die waarheid soek. Daarom kry 'n mens tans ook moeilikheid met monologiese prediking wat van aanvaarde waarhede uitgaan. Die gereformeerde belydenisskrifte wat vir eeue die gereformeerde geloofsidentiteit uitgedruk het, word as gevolg van hierdie tendens al hoe sterker bevraagteken. Die kerk het ook in hierdie tradisie funksionaliteit ingeboet.

Hoe ver die verandering in beskouing ook die rol van die kerk reeds in gereformeerde kringe in Nederland beïnvloed het, blyk uit Kuitert (1992:182 en 204) se onlangse waardering van die kerk. Hy noem die kerk 'n teleurstelling wat bestaan as 'n selfgenoegsame, hoogmoedige, dwingende, geestelik en materieel ryk geworde magsinstituut. Hierdie instituut het in die woorde van Nietzsche die 'graf van God' geword.

Ontwikkelinge wat in gereformeerde kerke in Nederland afspeel, voltrek hulleself ook stelselmatig binne die Suid-Afrikaanse gereformeerde tradisie. 'n Vergelykende ondersoek oor die geloofsbelewing en kerklike betrokkenheid van Christene in Nederland en Suid-Afrika toon verskille, maar ook merkwaardige ooreenkomste. Die ooreenkomste lê veral op die vlak van kerklike betrokkenheid, waar 'n dalende tendens by albei duidelik merkbaar is (Pieterse *et al.*, 1993:20). Dalende betrokkenheid by kerklike aktiwiteite, die bevraagtekening van die belydenisskrifte, funksieverlies van die kerk, randkerklikheid en buitekerklikheid word in Suid-Afrika al hoe meer sigbaar. Voorts is daar 'n groeiende gebrek aan wat Jonker (1976:14) noem "die integrasie tussen geloof en werklikheid". Die wyse waarop tans met hierdie verskuiwinge alhier geworstel word, blyk uit die werke van Muller en Smit (1991:652), Hendriks (1986:70 en 1992:7) en die gegewens wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1991:1) gepubliseer het in hulle drie projekte getitel "Kerkspieël".

Met sy beskrywing van die predikant illustreer Jonker (1976:14) die moderne siening wat alhier ook oor die rol van die kerk ontwikkel. Die predikant word vir baie 'n misplaasde figuur, die verpersoonliking van die magteloosheid van die kerk en die geloof om tot die kern van die lewenswerklikheid deur te dring en ons lewe saam te vat tot iets eenvoudigs en helders. Die nodigheid van die kerklike instituut vir die opbou van geloof en vir die godsdiensbelewing van mense word hier ook toenemend bevraagteken. Hierdie tendens is reeds van verskeie kante aangetoon (Vorster, 1981:3; Coertzen, 1991:12; Potgieter, 1988:60). Die kerk in Suid-Afrika is oor die afgelope dekade byvoorbeeld skerp gekritiseer oor irrelevansie ten opsigte van duidelike getuienis oor apartheid en binne die sosio-politieke proses. Villa Vicencio (1991:177) vra in hierdie verband die vraag: Kan die kerk wesentlik iets bydra tot die ontwikkeling van die toekomstige samele-

wing? Die veranderde siening oor die rol van die kerk en die negatiewe evaluering daarvan soos dit in kerklike kringe in Europa ontwikkel het, het dus ook in Suid-Afrika baie aktueel geword.

## 2.4 Die Amerikaanse Protestantse tradisie

Ten slotte moet in hierdie verband ook gefokus word op die kerk in die VSA. Ook hier is die tradisionele rol van die kerk negatief bejeën. In sy insiggewende analise van die kerklike situasie in die VSA sê Farley (1990:171): "Mainline denominations, once used to vitality, growth and widespread influence, experience torpor and decline." Hy identifiseer onder andere 'n verskuiwing vanaf die Episkopaalse, Kongregasionalistiese en Presbiteriaanse kerke na die Rooms-Katolieke kerk en selfs na ander godsdienste soos die Islam en Hindoeïsme. Voorts het die VSA, volgens hom, die opkoms van fundamentalisiese kerke en die sogenaamde TV-evangeliste beleef. Fenn (1990:171) kom tot dieselfde konklusie en verwys veral na die opkomende tendens van 'irrasionele' en informele godsdiensbeoefening, teenoor die tradisionele rasionele organisering van die godsdiens in die kerklike instituut.

Bogenoemde oorsig dui aan dat die kerk oor die afgelope dekades wêreldwyd betekenis en invloed ingeboet het ten spyte van Latourette se optimisme oor die vitaliteit en invloed van die Christendom. Waaraan moet hierdie proses toegeskryf word? Hoekom lyk dit op die oog af of mense afskeid neem van die kerk en lewensin soek buite die kerk en sonder kerklike bediening?

# 3. 'n Gevolg van sekularisasie?

Die algemene neiging in die ekklesiologie is om die oorsaak vir hierdie proses te soek in sekularisasie. Sekularisasie of sekularisme beskryf die proses "whereby religious thinking, practices and institutions lose social significance" (Smith, 1985:36). Sekularisasie in hierdie sin was dwarsdeur die kerkgeskiedenis latent teenwoordig, maar in die onlangse verlede het die proses kragtig ingewerk op die beskouinge oor die kerk en fundamentele Christelike dogmas (Edwards, 1987: 285). So sterk is die Christelike geloof bevraagteken dat die teenswoordige tyd beskrywe word as 'n tyd van "Godsverduistering" (Verboom, 1991:115 en Dekker, 1991:135). Volgens hierdie beskouing moet die mens bevry word van die religieuse en die metafisiese.

Die proses van sekularisasie het selfs gelei tot 'n Teologie van Sekularisasie. Smith (1992:169) toon aan hoe die 'God-is-dood'-beweging gepoog het om 'n immanente teologie daar te stel waarin radikaal met die tradisionele Christendom gebreek is. Die vernaamste verteenwoordigers van hierdie beweging was Altizer (1966:95), Hamilton (1966:49), Vahanian (1961:230) en Cox (1967:27). Klem is in hierdie teologie gelê op die mens Jesus en op grond hiervan is gesoek na 'n

Christendom waarin humaniteit sentraal staan. Die kerk as instituut vir geloofsopbou is uit die gesigsveld verskuif. Hierdie stroming is in die dekade daarna dan ook opgevolg deur die Politieke Teologie waarin die kerk bloot gesien is as nog 'n politieke instrument in die transformasie van die samelewing.

Is die konklusie egter geregverdig? Het die kerk hom nou so vasgeloop in die moderne sekularisasieproses dat aanvaar moet word dat die moderne wêreld afgereken het met die kerk? Die geldigheid van so 'n konklusie kan slegs bepaal word wanneer die moderne gestalte van die kerk getoets word aan die groter geheel van die kerkgeskiedenis. Met so 'n perspektief is dit duidelik dat die huidige sinverlies van die kerk nie uniek is nie.

Gesien teen die agtergrond van die hele kerkgeskiedenis, blyk dit dat die kerk dikwels dieselfde toestand beleef het. Latourette (1953:269) identifiseer soortgelyke situasies in die sesde en veertiende eeue (601). Hy beskryf dieselfde tendens soos dit voorgekom het in die periode 1750-1815 en konkludeer dan dat "... pulsation of advance, retreat and advance ... has characterized the history of Christianity" (1001). Dat die kerk dikwels in die verlede betekenis verloor het en weer daarna herwin het, word aangedui deur Bosch (1991:226) in sy beskrywing van die sendinggeskiedenis en deur Berkhof en De Jong (1967:249) in hul beskrywing van die kerk in Europa in die laat negentiende eeu.

'n Analise van die ontwikkeling van moderne na postmoderne denke werp ook lig op die saak. Die eerste helfte van die twintigste eeu is beheers deur die modernistiese denke met sy sterk intellektuele en rasionele inslag. Hierdie denke het geloof en godsdiens en wat daarmee saamhang onder druk geplaas. Die mens het ontoeganklik geword vir die religieuse ervaring en toeganklik vir dit wat rasioneel bewys en hanteer kan word (McGrath, 1992:132). Ook die teologie is rasioneel benader en die gevolg hiervan was die Teologie van Sekularisasie (Cairns, 1982: 444). Die Tweede Wêreldoorlog het egter 'n kentering in die modernistiese denke begin, omdat die oorlog beleef is as die mislukking van die menslike intellek.

Postmodernisme wat daarna ontwikkel het, het die klem verskuif van die wetenskap na die wetenskaplike en daar is erken dat die rede ook beïnvloed word deur religieuse en ander voorveronderstellings. Die bestaan en invloed van geloof op die rede is aanvaar en daardeur het die mens weer meer ontvanklik geword vir die religieuse ervaring. Godsdiens en dus ook die Christendom het sodoende nuwe erkenning begin geniet; daarom het die Teologie van Sekularisasie afgesterf en is daar reeds tekens van nuwe vitaliteit in die kerk (Gibbs, 1992:15).

Vanuit die historiese perspektief is dit dus meer verantwoord om te sê dat die mens nie finaal sy rug gedraai het op die kerk nie, maar dat hy nuwe verwagtinge koester van die kerk. Anders gesê: die kerk het te staan gekom in 'n nuwe postmoderne werklikheid waarin die ou antwoorde, bedieningspatrone, institusionalisme, formalisme en tradisie-gebondenheid nie meer die eise van die huidige tyd

betrek nie. Die kerk het nie by die einde van die pad gekom soos die Teologie van Sekularisasie beweer nie, maar by 'n nuwe pad.

In die lig van die historiese perspektief kan die volgende hipotese gestel word: die teenswoordige vraag na die sin en betekenis van die kerk is die gevolg van 'n ingrypende ekklesiologiese paradigmaverskuiwing. Hierdie paradigmaverskuiwing moet ontleed en verstaan word voordat 'n nuwe omskrywing gegee kan word van die toekomstige sinvervulling van die kerk. Om die hipotese te bewys word vervolgens aandag gegee aan die begrippe, *paradigma*, *paradigmaverskuiwing* en die *begrensing van 'n ekklesiologiese paradigmaverskuiwing*.

## 4. Paradigma

Sedert Kuhn (1970:viii) die term *paradigma* in wetenskaplike navorsing aan die orde gestel het, is die begrip met verskillende betekenisnuanses ook in die teologie toegepas. Hy het 'n paradigma gedefinieer as "universally recognised scientific achievements that for a time provide model problems and solutions to a community of practitioners". Hierdie paradigma is dus 'n werklikheidsbeskouing wat in die eerste plek navorsers se uitgangspunte en benadering tot die veld van ondersoek bepaal. Die beskouing kan bewustelik of onbewustelik bestaan en gaan die reëls en teorie van wetenskaplike ondersoek vooraf (Kuhn, 1970:44 en 46).

### 4.1 Paradigma in die ekklesiologie

In die teologie het die beskouing van Kuhn inslag gevind in die hermeneutiek as 'n beskrywing van die uitgangspunte wat die teorie van Skrifverstaan voorafgaan (bv. Lategan, 1988:65). So word die histories-kritiese metode van Skrifverstaan byvoorbeeld beskrywe as 'n paradigma (Vorster, 1988:33). Sanks (1974:129) pas Kuhn se teorie toe op die Rooms-Katolieke beskouing oor die gesag van die kerk terwyl Bosch (1991:186) Kuhn en Küng se teorie met vrug in die missiologie en veral as 'n maatstaf vir die onderskeiding van historiese missiologiese modelle aanwend. In die ekklesiologie het Dulles (1987:29) die teorie toegepas as sleutel tot die verstaan van verskillende tradisionele kerkmodelle.

Ten spyte van die verskillende definiërings en toepassings van die begrip *paradigma* is daar een belangrike saak wat Kuhn en sy volgelinge aantoon: dit is dat wetenskaplike navorsing bepaal word deur 'n lewens- en wêreldbeskouing wat sekere beginsels as voorveronderstelling in die navorsingsproses daarstel. Die navorser, ook die teoloog, benader sy veld van ondersoek nie neutraal, onbelas of objektief nie. Met hierdie beskouing het Kuhn gebreek met die modernisme. Op dié wyse, soos deur Kuhn gedefinieer, kan die begrip paradigma ook in die ekklesiologie aangewend word. 'n Paradigma in hierdie verband omskryf die ekklesiologiese uitgangspunte en verwagtinge wat die kerkbeskouing van 'n bepaalde

historiese tydvak bepaal en die funksionering van die kerk in die bepaalde periode beheers.

## 4.2 Paradigmaverskuiwing

Opeenvolgende verskuiwings van paradigma is ook moontlik. Volgens Kuhn (1970:111) vind paradigmaverskuiwings plaas wanneer die ou paradigma nie meer antwoorde bied op nuwe realiteite nie. Dan begin die navorser in nuwe plekke kyk en vind hy nuwe sleutels as instrumente om 'n nuwe werklikheid te ontgin. Sodoende vind daar 'n rewolusie plaas in sy teorieë, navorsing en uiteindelike resultate. Dieselfde proses voltrek hom in die teologie maar tog met 'n belangrike verskil. Waar die paradigmaverskuiwing in die natuurwetenskappe 'n totale oorgang van 'n oue na 'n nuwe aandui, beteken dit in die teologie dat die nuwe nie die oue dadelik vervang nie, maar dat hulle langs mekaar kan voortbestaan (Bosch, 1991:186). Verskeie paradigmas in dieselfde veld van ondersoek kan vir 'n tyd langs mekaar bestaan, maar die een wat die beste antwoord bied op nuwe realiteite, sal ontwikkel tot die dominante.

Die pessimisme wat daar in die sestigerjare in die Teologie van Sekularisasie oor die kerk geheers het, sowel as die aktivisme van die Politieke Teologie in die sewentigerjare, kan in hierdie lig verklaar word. Albei toon die tipiese trekke van so 'n paradigmaverskuiwing. Die ou vorme van bediening en kerk-wees het nuwe realiteite nie meer betrek nie, en teoloë het die bestaande teoretiese vertrekpunte ten opsigte van die kerk bevraagteken. Nie net die funksionering van die kerk nie, maar ook die nodigheid van die kerk het in die spervuur gekom. Hoewel dit op die oog af lyk na afskeid van die kerk, is dit in wese eintlik 'n tydelike neweeffek van die drastiese rewolusie van vertrekpunte wat met 'n paradigmaverskuiwing gepaard gaan – daarom het die radikalisme van daardie tydperk ook vinnig verdwyn.

## 4.3 Begrensing van 'n ekklesiologiese paradigmaverskuiwing

Die hele konsep van paradigmaverskuiwing bring egter vir die gereformeerde ekklesiologie 'n belangrike vraag na vore. Indien die teoloog se lewens- en wêreldbeskouing kan verander en sy resultate en konklusies daardeur ingrypend gewysig word, sou dit beteken dat die teologie uitgaan van relatiewe waarhede? Sake soos dogmas, kerkbegrip en bedieningsbeginsels sou dan van tyd tot tyd anders geformuleer moet word. Hierdie vraag bring die ekklesioloog onvermydelik by die vraag oor die objek van die teologie. Bestudeer die teoloog die mens se religieuse ervaring of die openbaring van God?

Wanneer die teologie gesien word as die studie van die openbaring van God word relatiwiteite in essensiële geloofswaarhede vermy. Daar mag verskil in interpretasie van die openbaring wees, maar vir die teoloog sal dit beteken dat 'n para-

digmaverskuiwing grense het. Bosch (1991:187) sê tereg in hierdie verband "... any paradigm shift can only be carried out on the basis of the gospel and because of the gospel, never, however against the gospel". Die verskille in interpretasie van die openbaring wat na vore kom as gevolg van verskillende voorveronderstellings moet deur Christelike dialoog bespreek word "in which Christians (and theologians) from different contexts challenge one another's culture, social and ideological biases" (Bosch, 1991:187).

Die gereformeerde ekklesiologie kan met bogenoemde voorwaarde met vrug gebruik maak van die insigte oor paradigma en paradigmaverskuiwings soos dit tans ook in die teologie beredeneer word. Die vaste onveranderbare openbaringsgegewe van die kerk moet egter vooraf duidelik aangetoon word. Hieroor sê Küng (1992:15):

> The Church remains permanently dependent for the ground of its existence, on God's saving act in Jesus Christ, which is valid for all time and so also in the present. It must never cease to reflect upon those origins.

Die volgende twee beginsels insake die openbaringsgegewe sou gesien kan word as die onveranderlike beginsels van kerkwees wat in enige paradigmaverskuiwing gehandhaaf behoort te word. Die een beginsel raak die wese van die kerk as volk van God se koninkryk en word omskryf in artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat die kerk beskryf as:

> 'n Heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.

Die tweede beginsel raak die bediening en word soos volg in artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis omskryf:

> ... die ware kerk moet ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, regeer word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien, ook ouderlinge en diakens om saam met die herder die kerkraad te vorm.

Vanuit die perspektief van hierdie openbaringsgegewe kan die teenswoordige paradigmaverskuiwing beoordeel word en moet in hierdie lig ook gekyk word na die verwagtinge wat in 'n veranderende konteks van die kerk gekoester word. Die integrasie van die openbaringsgegewe en die nuwe verwagtinge kan 'n nuwe ekklesiologiese paradigma daarstel waarin die kerk weer as krag in die groei van die Christendom in die volgende dekades kan dien. Om daarby uit te kom is dit nodig om vas te stel watter tendens in die moderne samelewing die nuwe verwagtinge wat van die kerk gekoester word bepaal. Hieroor word ten slotte enkele oorsigtelike opmerkings gemaak.

## 5. Tendens en verwagtinge

'n Paradigmaverskuiwing kan plaasvind op die makro, meso- of mikrovlak in die historiese ontwikkeling van 'n gemeenskap of 'n samelewing. Veranderinge op die meso- of mikrovlak wat een segment van die gemeenskap raak, het nie noodwendig altyd betrekking op 'n ander segment van die samelewing nie. Verwagtinge wat nou en toekomstig van die kerk gekoester word, sal dus in fyner detail van plek tot plek verskil. Die realiteit is veral in Suid-Afrika sigbaar. 'n Welvarende wit gemeenskap het ander verwagtinge van die kerk as 'n swart gemeenskap met minder welvaart en ontwikkeling.

Verskuiwinge op die makrovlak raak egter die kerk in sy geheel, veral vanweë die ontwikkeling van die massakommunikasie. Een gemeenskap mag wel later daardeur geraak word as 'n ander, maar uiteindelik word hy met dieselfde vrae gekonfronteer. Die Suid-Afrikaanse samelewing is hiervan ook 'n goeie voorbeeld. Veranderinge wat hulleself 'n dekade gelede in Europa en die VSA voltrek het, is nou hier ook sigbaar. Wat daardie tyd op die agenda van die kerk in die betrokke wêrelddele was, word nou ook in Suid-Afrikaanse kerklike kringe bespreek – soos veral die navorsing van Pieterse (1992a:16 en 1992b:325) op die vakgebied van die Praktiese Teologie getuig.- Daarom word in hierdie artikel volstaan met 'n bespreking van die belangrikste tendens op die makrovlak omdat juis dit die nuwe langtermynverwagtinge van die kerk wêreldwyd bepaal.

### 5.1 Die onderliggende tendens

Verandering is die groot realiteit van die teenswoordige lewe. Daarmee word bedoel dat die hele lewenswêreld van die mens aan ingrypende verandering onderhewig is. Die konstante verandering het 'n direkte invloed op die mens se ervaring, toekomsperspektief, waardesisteem en verhoudinge (Vorster, 1992:451). Verandering het die onderliggende tendens van die huidige wêreld geword. So 'n werklikheid het vir die kerk ernstige implikasies en Anderson (1990) is korrek wanneer hy sê: "Change is not the choice, how we handle it is." Hy sê dat elke indiwiduele Christen verander terwyl die kerk verander, terwyl die samelewing as geheel verander. Hierdie voortdurende beweging in die samelewing plaas kerklike strukture, bedieningsmodelle en getuienis onder konstante druk.

Die effek van die veranderingsproses op die denkwyse en lewenswyse van mense word duidelik beskryf deur Toffler (1971:276 en 1980:23) en dit is nie nodig om sy bekende resultate te herhaal nie. Anderson (1990:21) analiseer belangrike aspekte van die proses soos dit volgens hom betrekking het op die toekomstige roepingsvervulling van die kerk. Hy wys op die proses van *globalisation* wat beteken dat 'n internasionale kultuur besig is om te ontwikkel. Kultuurgrense vervaag en die proses van migrasie neem toe. Hierdie internasionale kulturele eenwording roep egter ook weerstand op – weerstand wat gestalte vind in nuwe

vorme van nasionalisme en fundamentalisme. Die migrasie lei tot toenemende verstedeliking en, wat hy noem, tot 'n "mobility mentality" (Anderson, 1990:26). Die mens word in alle opsigte meer beweeglik – hy beweeg makliker van kerk tot kerk, van werk tot werk en van huwelik tot huwelik. Vaste verhoudings is vir hom meer relatief as vroeër.

Ander aspekte van hierdie tendens wat vir die kerk belangrik is, is die groeiende heterogeniteit van die samelewing, die stelselmatige veroudering van die gemeenskap en die professionalisering van die vrou. Op politieke gebied vind 'n proses van demokratisering plaas wat tradisionele gesagstrukture onder druk plaas en daarmee saam veral die tradisionele kerklike strukture en gesagsopposisies krities bejeën. Die veranderingsproses dolwe die mens se hele ervaringswêreld om. Dit is ook nie, soos soms in die verlede, 'n eenmalige proses nie. Die voortdurende verandering is 'n deurlopende proses. Deur die snelle ontwikkeling van die natuurwetenskappe en tegnologie sien en beleef die mens altyd weer nuwe dinge en koester hy nuwe verwagtinge – ook van die kerk.

Hoe moet die kerk dit hanteer? Anderson (1990:59) antwoord die vraag met drie woorde: "Comprehend, Cope en Contribute." Die kerk moet die proses van verandering en die nuwe verwagting *begryp*, dit *hanteer* en effektief *bydra* tot positiewe en opbouende antwoorde op die moderne vraagstukke. Wanneer al die nuwe verwagtinge wat van die kerk gekoester word, saamgevat word in grondliggende sake, dan blyk dit dat die volgende van die kerk in die toekoms verwag word: die kerk moet effektief bydra tot 'n nuwe waarde- en oordeelsisteem vir 'n nuwe postmoderne wêreld. Die kerk moet die erfenis van formalisme en institusionalisme afskud en die Christelike geloof kontekstueel en funksioneel bevorder.

## 5.2 'n Nuwe waarde- en oordeelsisteem

Die futoroloog Polak (1968:47-51) het reeds in 1968 aangedui dat die komende veranderende samelewing die noodsaak gaan ontwikkel van 'n nuwe waarde- en oordeelsisteem. Hierdie saak word toenemend beklemtoon. Covey (1989:23 en 29) pleit vir 'n herstel van "Character Ethic" en die fenominale omset van sy boek bewys hoe ernstig die saak bejeën word. Die mens soek vaste waardes wat rigtinggewend is in die veranderende milieu.

Zylstra (1992:11) sien in hierdie soeke spore van Christelike religiositeit en hy verwerp die idee dat die moderne samelewing sekulêr is. Hy verwys na Ong se teorie van 'n *changing sensorium* waarmee die kerk te doen kry. Dit beteken dat die 'ontvangstoestel' van die moderne mens en die 'sendtoestel' van die kerk as gevolg van verandering nie meer op mekaar ingestel is nie. Die waardes wat die mens soek in 'n veranderende wêreld, vind hy (nog nie) by die kerk nie. Dit beteken egter nie dat kerk inherent van geen betekenis is nie. Inteendeel, die kerk

kan wesentlik bydra tot die nuwe waarde- en oordeelsisteem. Dit gaan oor die vraag hoe die bydrae ingeklee moet word.

Die pleidooi wat Zylstra (1992:13) lewer, is dat die kerk die basiese Christelike waarhede in 'n moderne konkrete vorm in die nuwe waarde- en oordeelsisteem moet inplant op so 'n wyse dat die ontvanger die sender verstaan. Hy pleit egter steeds en tereg vir 'n unieke Christelike benadering op grond van 1 Korintiërs 1:18 en sê verder:

> At the same time, the Church should never allow its heresies to inhibit it from faithfully articulating the truth. Neither should the late 20th century Church allow these sociological, theological and ecclesiological aberrations to keep it from carrying out its authentic call as God's missionary people (Zylstra, 1992:13).

Die kerk moet nie die historiese vorme van die Christendom probeer bemark nie, maar die Bybelse etiese beginsels oortuigend oordra. So word 'n konkrete moderne verwagting effektief benader.

## 5.3 Institusionalisme en formalisme

In die geskiedenis van die Christendom het die kerk in alle tradisies in 'n mindere of meerdere mate 'n sterk institusionele en formele struktuur aangeneem. Die (institusionele) kerk het as 'n formele organisasie met baie vorme, rites en tradisies langs ander organisasievorme te staan gekom en ontwikkel tot 'n institutêre gesagstruktuur wat as sodanig gefunksioneer het. Hierdie formele struktuur het oor baie eeue ontwikkel en het wêreldwyd gevestig geraak (Dulles, 1987:39). Hoofsaaklik as gevolg van die Rooms-Katolieke kerkbeskouing, wat sê dat Christus in die biskoppe teenwoordig is, het die kerk as formele institutêre gesagstruktuur self 'n objek van die mens se aanbidding geword (Vatican Council II, 1964:472). Dit beteken dat dit vir mense gaan om die instandhouding van die kerk, sy institutêre gesag en sy rites en nie primêr om diens aan God nie. Bosch (1991:217) beskrywe hierdie ontwikkeling en noem dit uit 'n missiologiese hoek "The Ecclesiasticization of Salvation". Dwarsdeur die kerkgeskiedenis het daar van tyd tot tyd verset teen hierdie institusionalisme met sy formalistiese godsdienspraktyk ontwikkel. Benewens die verset van veral Luther en Calvyn kan daar ook verwys word na die Anabaptisme, die Independentisme en die Piëtisme. Die kerke wat uit hierdie bewegings ontwikkel het, het wegbeweeg van die Roomse kerkpraktyk, maar tog uiteindelik ook 'n eie vorm van institusionalisme daargestel. Tans word die siening en belewing van die kerk in mindere of meerdere mate in alle kerklike tradisies gevind en die ontwikkeling van groot ekumeniese liggame het die tendens versterk (Vorster, 1991:471). Mense beleef die kerk as 'n plek waarheen hulle gaan om sekere godsdienstige rites af te handel. Die kerk is die doel van sy godsdienstige aktiwiteit (Dekker, 1971:48).

Daar is tans weer wêreldwye verset teen hierdie institusionalisme. Toffler (1990: 10) sien hierdie verset as deel van die moderne mens se teenkanting teen groot gesagstrukture wat sy gesag aflei van die vorm en bestaan van die struktuur self. Volgens hom soek die mens vandag gesag in 'n sisteem se inhoud, betekenis en funksionaliteit en nie in 'n blote vorm nie. Knox (1993:1) wys op dieselfde saak en sê:

> Institutional religion has become increasingly irrelevant to Western Culture despite its continuing importance in many areas and many groups of people.

Die verset teen kerklike gesagstrukture lei tot die ontwikkeling van 'n buitekerklike Christendom waarin mense nie die nodigheid sien van 'n verbintenis aan 'n kerk of 'kerklike rituele handelinge' vir geloof en die Christelike lewe nie. Scholten (1969:30), Matthes (1969:30) en Sölle (1972:75) identifiseer hierdie verskynsel in hulle onderskeie sienings van die kerk se teenswoordige bestaan. Die verset teen die kerklike struktuur is egter nie noodwendig verset teen God nie. Edwards (1987:290) wys daarop dat hoewel 'n klein persentasie Christene in Europa kerklike aktiwiteite bywoon, 'n groot groep nog private gebed beoefen.

'n Deel van die paradigmaverskuiwing in die ekklesiologie is dus die verset, sowel in kerkbeskouing as in kerkbelewing – verset wat teen institusionalisme en formalisme groei. Met inagneming van die grense wat die Bybelse openbaring aangaande die kerk vir 'n paradigmaverskuiwing stel, sal hierdie verset effektief in die toekoms geakkommodeer moet word. Die kerkgeskiedenis lewer in hierdie verband ook 'n belangrike les. Institusionalisme moet nie met nuwe institusionalistiese vorme vervang word nie. Latourette (1953:840 en 1079) toon aan hoe die Rooms-Katolieke kerk met die Konsilie van Trente (1545-1563) en die Eerste Vatikaanse Konsilie (1869-1870) die destydse vorme van institusionalisme probeer bestry het met hernude beklemtoning van 'n kerksentriese godsdiensbelewing. Dit het tot groter deformasie gelei.

Dit blyk dat die antwoord eerder gesoek moet word in die beklemtoning van die kerk as middel en stimulus van godsdiensbelewing waarin die fokus verskuif van die makrostruktuur na die plaaslike gemeente, van die kerklike ampsgesag na amptelike dienslewering, van formele 'kerkgesentreerde' aanbidding na spontane geloofsbelewing en roepingsvervulling en van kerklike leiding na motivering deur die Woord. Die kerk kan nie meer doel op sigself wees nie, maar middel tot die groter doel, naamlik die koninkryk van God.

## 5.4 Kontekstualiteit en funksionaliteit

Direk voortvloeiend uit die verset teen institusionalisme en formalisme is die groeiende behoefte aan kontekstualiteit en funksionaliteit in kerklike bediening. McGrath (1992:11) sê dat die moderne vraag vir die Christendom vandag nie meer gefokus is op die wyse waarop sy bestaan met rasionele argumente verdedig

kan word nie, maar of dit waarde en betekenis vir die mens het. "It is in the market-place of ideas, not the seminar rooms of universities, that Christianity must fight for its life" (McGrath, 1992:11). Dieselfde geld vir die kerk. Die moderne mens probeer nie meer om die kerk rasioneel te begrond nie. Die bestaansreg van die kerk word eerder afgelei uit die kontekstuele betekenis van die kerk. Die kerk word dus pragmatisties bejeën, en nie rasionalisties nie.

Die Politieke Teologie het die konsep van kontekstualiteit van die teologie beklemtoon maar die kontekstualiteit beperk tot die sosio-ekonomiese en politieke terrein. Sodoende is die rol van die kerk verskraal tot sosiale aktiwiteit. Hierdie vorm van kontekstualiteit het nie die vraag na die betekenis van die kerk effektief beantwoord nie en is tans nie meer so hoog op die agenda in die ekklesiologie nie.

Kontekstualiteit en funksionaliteit bring die hele Christelike lewe in die gesigsveld. Die kerk as middel tot die doel van die koninkryk moet direk inwerk op al die fasette van die Christen se bestaan. Die Bybelse verlossingsboodskap en etiek moet oortuigend en funksioneel geïntegreer word met die moderne lewe. Nie net die politieke strukture nie, maar die mens se denke, emosie, wil, verhoudinge, angs, depressie en lewensdoel moet positief begelei word. Kerklike besluitneming en bedieningspatrone moet hierop ingestel wees.

Heyns (1992:534) sê dat die kerk alleen funksioneel kan wees as "hy kan aanpas by veranderde omstandighede". Die vraag is egter: Wat moet aangepas word? Op hierdie onderskeiding moet die gereformeerde ekklesiologie konsentreer. Daar moet onderskei word tussen die openbaringsgegewe aangaande die kerk wat, soos reeds gesê, die prinsipiële begrensing behoort te stel aan enige paradigmaverskuiwing in hierdie verband, en bedieningspatrone en bestaanstrukture wat na gelang van tyd en omstandighede verander mag en moet word.

Te Velde (1989:28) wys 'n weg aan deur te onderskei tussen "skriftuurlike struktuur" en "aktualiserende invulstruktuur". Tot die "skriftuurlike" struktuur behoort, volgens hom, dit wat volgens die Skrif nie in die inrigting van die kerk mag ontbreek nie. In hierdie verband noem hy die bediening van die Woord en sakramente, die diens van ouderling, wat inhou toesig en tug, en die diens van die diaken wat die barmhartigheidsdiens behels. Hierdie funksies behoort tot die "normatiewe grondstruktuur" en is "die verpligte werkvorme" van elke gemeente. Daarnaas wys hy op die veranderbare "invulstrukture" en wys in hierdie verband op die liturgie en vormgewing van huisbesoek, kategese, Bybelstudie en gemeentelike organisasie. Küng (1992:3) onderskei tussen "essensie" en die "historiese vorm" van die kerk.

Hierdie onderskeiding is belangrik. Die beginsel dat die fundamentele Bybelse omskrywing van die wese en roeping van die kerk nie aangepas kan word nie, moet ekklesiologiese besinning bepaal. Daarsonder is die kerk nie meer kerk nie,

en 'n Christendom sonder die kerk in sy unieke Bybelse gestalte het nie hoop op oorlewing nie. Die waarskuwing van Trimp (1971:117) ten opsigte van die kerkbeskouing van die Teologie van Sekularisme is in hierdie verband steeds aktueel.

Aan die ander kant moet aanvaar word dat bedieningspatrone en organisasievorme aangepas moet word. Hierdie voortdurende aanpassing is 'n onvermydelike historiese realiteit, soos Küng (1992:5) oortuigend aandui. Die bediening moet so ingerig word dat die funksionaliteit van die kerk daardeur gedien word, dat nuwe omstandighede en verwagtinge betrek en hanteer word en dat die regering van Christus kontekstueel gestalte mag kry vir die mens in die sterk stroom van teenswoordige veranderinge. Vir die gereformeerde ekklesiologie is die belangrike vraag dus: Hoe moet bediening ingerig word om, met behoud van die Bybelse idee van die roeping en werk van die kerk, kontekstueel en funksioneel te wees? Die antwoord op hierdie vraag is wesensbelangrik vir die gehalte en stand van die Christendom in die volgende eeu.

## 6. Konklusie

Ten spyte van die duidelik aanwysbare sinverlies van die kerk in die moderne samelewing en die poging tot radikale transformasie van die kerk in die Teologie van Sekularisasie en politieke teologieë is die kerk nie in 'n doodloopstraat in die moderne samelewing nie. Daarvoor is sy Geesgefundeerde en histories-bewese inwendige vitaliteit en oorlewingsvermoë te groot en onblusbaar.

Maar die kerk is wel op 'n verbypad – verby die samelewing en sy nuwe woelinge. Hierdie verskynsel is die gevolg van die huidige globale veranderingsproses wat die golflengte tussen sender en ontvanger versteur. Hierdie versteuring moet beskou word as die primêre ondersoekveld van die huidige gereformeerde ekklesiologie. Deur gesonde maar tog deurtastende ekklesiologiese besinning waarin historiese en huidige ekklesiologiese paradigmas krities ondersoek word, moet die kerk vanaf die verbypad gebring word op die dienspad binne die samelewing vir mense om te sien en te gebruik. So kan die historiese momentum van die Christendom vir die volgende eeu behou en selfs versterk word.

## Bronnelys

ALTIZER, T.J.J. 1966. Theology and the Death of God. (*In* Altizer T.J.J. & Hamilton, W. Radical Theology and the Death of God. New York/Kansas City : The Bobbs Merril Co. p.1 e.v.)

ANDERSON, L. 1990. Dying for Change. An Arresting Look at the New Realities Confronting Churches and Para-Church Ministries. Minneapolis : Bethany House Publishers.

BERKHOF, H. & DE JONG, O.J. 1967. Geschiedenis der Kerk. Nijkerk : Callenbach.

BOSCH, D.J. 1979. Heil vir die wêreld. Die Christelike sending in teologiese perspektief. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

BOSCH, D.J. 1991. Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission. New York : Mary-Knoll. 587p.

CAIRNS, E.E. 1982. Christianity through the Centuries. Grand Rapids : Zondervan Publishing House.

COERTZEN, P. 1991. Gepas en ordelik. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

CONZALES, J.L. 1985. The Story of Christianity. San-Francisco : Harper. 2 Volumes.

COVEY, S.R. 1989. The Seven Habits of Highly Effective People. Restoring the Character Ethic. London : Simon and Schuster.

COX, H. 1967. De stad van de mens, het levenspatroon van de moderne wereld in theologisch perspectief. Utrecht : Ambo Boeken.

DEKKER, G. 1971. Wat is er met de kerk aan de hand? Over de positie en funksie van de kerk in de huidige samenleving. Kampen : J.H. Kok.

DEKKER, W. 1991. Prediking in een tijd van godsverduistering. *Theologia Reformata*, 34(2):135-150, Junie.

DULLES, A. 1987. Models of the Church. London : Doubleday.

EDWARDS, D.L. 1987. The Futures of Christianity. London : Hodder and Stoughton.

FARLEY, E. 1990. The Modernist Element in Protestantism. *Theology Today*, 57(2):131-148.

FENN, R.K. 1990. The Church in the World. The Church with the Soul of a Nation. *Theology Today*, 57(2):171-179.

FIERRO, A. 1977. The Militant Gospel. An Analysis of Contemporary Political Theologies. London : S.C.M Press.

FROISE, M. *ed.* 1992. South African Christian Handbook. Johannesburg : Christian Info.

GIBBS, E. 1992. I Believe in Church Growth. London : Hodder & Stoughton.

HAMILTON, W. 1966. The Death of God Theologies Today. (*In* Altizer, T.J.J. & Hamilton, W. Radical Theology and the Death of God. New York/Kansas City : The Bobbs Merril Company. p. 49-66.)

HENDRIKS, J. 1986. Vernuwing in bedieningstruktuur. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 27(1): 72-85, Januarie.

HENDRIKS, J. 1992. Gemeentes vertel. Verandering in 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad : Lux Verbi.

HEYNS, L. 1992. Gemeentes sonder grense. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 33(4): 530-537.

JONKER, W.D. 1976. Die Woord as opdrag. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

KNOX, C. 1993. Changing Christian Paradigms and Their Implications for Modern Thought. New York : E.J. Brill.

KUHN, T.S. 1970. The Structure of Scientific Revolutions. Chicago : The University of Chicago Press.

KUITERT, H.M. 1992. Het algemeen betwijfeld christelijke geloof. Baarn : Ten Have.

KÜNG, H. 1992. The Church. Kent : Burns and Oates.

LATEGAN, B.C. 1988. Why so Few Converts to New Paradigms in Theology? (*In* Mouton, J., Van Aarde A.G., Vorster W.S. Paradigms and Progress in Theology. Pretoria : HSRC.)

LATOURETTE, K.S. 1953. A History of Christianity. London, Evanston, New York : Harper and Row Publishers.

LINDEBOOM, J. 1961. Reformatie en Contra-Reformatie. (*In* Banning, W. e.a. Europese Geest. Zeist : W. de Haan. p. 189-226.)

MATTHES, J. 1969. Herkomst en sociale achtergrond van de uitdrukking: kerk buiten de kerk. (*In* Goddijn, H.P.M. e.a. Kerk buiten de kerk, gesprekken van sociologen en theologen over kerkvernieuwing. Terzake IV. Baarn : Bosch en Keuning. p. 42-53.)

MCGRATH, A.E. 1992. Bridge-Building: Effective Christian Apologetics. Leicester : Intervarsity Press.

MOLTMANN, J. 1967. Theology of Hope. London : S.C.M. Press.

MULLER, B.A. & SMIT, D.J. 1991. Godsdiens in die openbaar. Tendense in die Afrikaanse godsdiensprogramme van die SAUK. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 32(4):652-666, Desember.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1991. Kerkspieel I-III. Pretoria : Algemene Kommissie vir gemeentebediening.

NORDSTOKKE, K. 1992. The Ecclesiastical Self-Understanding of the Lutheran World Federation: From "Free Association" to "Communion of Churches." *The Ecumenical Review*, 44(4):479-490.

PIETERSE, H.J.C. 1992a. Die diskussie oor sommige ondersoekmetodes binne die Praktiese Teologie. *Theologica Evangelica*, 25(3):16-24, September.

PIETERSE, H.J.C. 1992b. Woord en werklikheid in die moderne Praktiese Teologie. *In die Skriflig*, 26(3):325-335, September.

PIETERSE, H.J.C., SCHEEPERS, P.L.H. & VAN DER VEN, J.A. 1993. Plural Religious Beliefs: A Comparison between Dutch and White South Africans. *Hervormde Teologiese Studies*, 49(1 en 2):189-207.

POLAK, F.L. 1968. Prognostica; wordende wetenschap schouwt en schept de toekomst. Deventer : A.E. Klawer. 2dle.

POTGIETER, P.C. 1988. Die kerk in 'n bestaanskrisis. *Fax Theologica*, 8(1):60-64.

PRAAMSMA, L. 1981. The Church in the Twentieth Century. Volume VII. Ontario : Paideia Press.

RUNIA, K. 1978. Eigentijdse vragen. Kampen : J.H. Kok.

SANKS, T.H. 1974. Authority in the Church. A Study in Changing Paradigms. Montana : Scholars Press.

SCHOLTEN, R.G. 1969. Gedistantieerde kerkelijkheid; de probleme van kerkelijke deelname en niet-deelname. (*In* Goddijn, H.P.M. *e.a.* Kerk buiten de kerk, gesprekken van sociologen en theologen over kerkvernieuwing. Terzake IV. Baarn : Bosch en Keuning. p. 21-41.)

SCHREUDER, O. 1969. Gedaanteverandering van de Kerk. Aanbevelingen voor vernieuwing. Nijwegen/Utrecht : Dekker en Van de Vegt NV.

SMITH, D.L. 1992. A Handbook of Contemporary Theology. Tracing Trends and Discerning Directions in Today's Theological Landscape. Wheaton : Bride Point.

SMITH, G.C. 1985. The Seeds of Secularization, Calvinism, Culture and Pluralism in America, 1870-1915. Grand Rapids : William B. Eerdmans.

SÖLLE, D. 1967. De waarheid is concreet. Amsterdam : Ten Have.

SÖLLE, D. 1972. Politieke theologie, discussie met Rudolf Bultmann. Baarn : Bosch & Keuning.

TE VELDE, M. 1989. Gereformeerde gemeenteopbouw. Barneveld : De Vuurbraak.

TOFFLER, A. 1971. Future Shock. London : Pan books Ltd.

TOFFLER, A. 1980. The Third Wave. London : William Calluis.

TOFFLER, A. 1990. Powershift: Knowledge, Wealth and Violence at the Edge of the 21st Century. New York : Bantam Books.

TRIMP, C. 1971. De dienst van de mondige Kerk, een confrontatie, met het appèl van de 'mondige' wereld. Goes : Oosterbaan & Le Cointre N.V.

VAHANIAN, G. 1961. The Death of God, the Culture of Our Post-Christian Era. New York : George Braziller.

VATICAN COUNCIL II. 1982. Dogmatic Constitution on the Church. (*In* Leith, J.H. *ed.* Creeds of the Churches. A Reader in Christian Doctrine from the Bible to the Present. Atlanta : John Knox Press. p. 459-484.)

VERBOOM, W. 1991. Prediking in een tijd van godsverduistering. *Theologia Reformata*, 34(2):115-134, Junie.

VILLA VICENCIO, C. 1991. Church/State Relations in South Africa. (*In* Albert, L. & Chikane, F. *eds*. The Road to Rustenburg. The Church Looking Forward to a New South Africa. Kaapstad : Struik Books. p. 177-190.)

VLOEMANS, A. 1954. Cultuurgeschiedenis van Europa. Den Haag : H.P. Leopolds.

VORSTER, J.M. 1981. Het die kerk nog betekenis? Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

VORSTER, J.M. 1991. Buite-kerklikheid en makro-kerklikheid in die moderne Ekklesiologie. *In die Skriflig*, 25(4):471-483, Desember.

VORSTER, J.M. 1992. Die eise aan die gereformeerde prediking in die teenswoordige kultuur van verandering. *In die Skriflig*, 26(4):451-463, Desember.

VORSTER, W.S. 1988. Towards a Post-Critical Paradigm. Progress in New Testament Scholarship. (*In* Mouton, J. *ed*. Paradigm and Progress in Theology. Pretoria : HSRC. p. 33-51.)

ZYLSTRA, C. 1992. Church Growth in a Pluralist Society. *Pro Rege*, 21(1):9-17 Sept.